# Hoofstuk 4

# Engelenburg se werksaamhede in Europa tydens die Anglo-Boereoorlog, 1900-1902

## Inleiding

Engelenburg en Wallach het Kaapstad op 27 Julie 1900 verlaat. Volgens ŉ ooreenkoms met die Britte in Pretoria was hulle veronderstel om in Southampton, Engeland, aan wal te gaan en hulle in Londen te gaan aanmeld. Hulle het egter die instruksies verontagsaam en in Madeira aan wal gegaan. Engelenburg moes dus vir die res van die oorlog ŉ lae profiel handhaaf en het besluit om na Portugal uit te wyk. Hy het daar as korrespondent vir die *Nieuwe Rotterdammer Courant* opgetree. Intussen is Boeregeïnterneerdes[1] en hulle gesinne per skip van Mosambiek na Lissabon gestuur en in verskillende aanhoudingsplekke uitgeplaas. Engelenburg was lid van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansch Comité en het die geïnterneerdes gedurende hulle verblyf daar bygestaan. Ná ŉ jaar en etlike maande het Engelenburg vir die laaste gedeelte van die oorlog na Brussel gegaan, waar hy hulp aan dr. Leyds verleen het. Terwyl hy in Brussel was, het hy ŉ Engelse dame, Lorraine Powell, gebore Haliday, ontmoet. Sy sou ná die oorlog ŉ groot rol in Engelenburg se lewe speel. Ná die vredesluiting het hy na Duitsland gegaan, waar hy ŉ gedeelte van die ZAR se geld wat hy namens Leyds belê het, onttrek en saam met die rente aan Leyds oorbetaal het. Leyds het al die geld daarna op sy eie naam belê. Die geld sou van 1903 af sporadies deur middel van tussengangers na Suid-Afrika gestuur word om die saak van die Afrikaners en Nederlanders te versterk. Wallach het ná die oorlog toestemming verkry om na die ZAR terug te keer, maar Engelenburg kon eers aan die begin van 1903 daarin slaag om na Suid-Afrika te vertrek.

---

[1] Geïnterneerdes: Vyandelike burgers of politieke delinkwente, en veral van vreemde militêre wat in oorlogstyd oor die grense na ŉ neutrale land uitwyk, word vir die duur van ŉ oorlog deur die betrokke land aangehou.

**Engelenburg en Wallach op pad na Europa**

In Augustus 1900, op die boot op pad na Europa, het Engelenburg en Wallach hulle stil gedra met geen noemenswaardige voorvalle nie. By Madeira het hulle verneem van die verhoor van ŉ staatsaanklaer van Johannesburg, dr. F.E.T. Krause (1868-1959), wat in Londen sou plaasvind. Krause is gedurende die ABO deur president Kruger aangestel as spesiale kommandant vir Johannesburg. Krause wou ŉ sekere Forster laat arresteer omdat dié onwettig inligting uit die aanklaer se kantoor aan die Britse magte verstrek het. Ná die inname van Johannesburg deur die Britte is Krause toegelaat om in die stad te bly, maar hy is later aangesê om na Brittanje te gaan. Terwyl hy daar was, het Forster voortgegaan met sy anti-Boer-bedrywighede. Krause het briewe aan sy voormalige kollega, Cornelis Broeksma, gestuur met versoeke om op ŉ regmatige manier van Forster ontslae te raak. Die Britte het die briewe onderskep en Broeksma is gearresteer. Krause is daarop in Londen in hegtenis geneem op aanklag van hoogverraad. Dié aanklag is later teruggetrek, maar Krause is skuldig bevind aan aanhitsing om moord te pleeg. Hy het twee en ŉ halwe jaar in Brittanje agter tralies deurgebring.[2] Broeksma is in Johannesburg tereggestel.

Dit is gedurende Krause se verhoor dat Engelenburg besluit het om nie in Londen aan te meld soos die ooreenkoms was wat hy in Pretoria met die Britte aangegaan het nie. Engelenburg en Wallach het hulle bagasie bymekaar gemaak, ŉ private boot gehuur en stilweg op Madeira afgeklim. Hulle het egter in hul haas vergeet om van die kaptein afskeid te neem. Izaak Wallach het die verhaal wat hom in 1900 afgespeel het, in 1945 geskryf. Hy het beweer dat hy en Engelenburg met die stoomboot *Saxon* uit Kaapstad vertrek het. As hulle, volgens Wallach, middel Julie, dus 15 Julie, uit Pretoria vertrek het, vyf dae op Kroonstadstasie was en vier dae later Kaapstad bereik en daar drie dae vertoef het voordat hulle met die boot vertrek het,[3] moes hulle op 27 Julie 1900 vertrek en met die stoomboot *Harwarden* gereis het. Die *Saxon* was nie daardie maand in die Kaapstadse hawe nie. Die *German* het reeds op 12 Julie vertrek en die

2 J.N.R. van Rhyn, "Krause, Frederick (Fritz) Edward Traugott" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, pp. 491-492.

3 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, pp. 5-7.

*Harwarden* was dus die enigste boot wat op 27 Julie uit Kaapstad vertrek het. Die volgende boot, die *Manhattan*, het op 5 of 6 Augustus vertrek.[4]

Ongeveer 700 gedeporteerde persone, van wie die meeste Nederlanders was, was op die *Harwarden*, dus ook passasiers Engelenburg en Wallach. Suster Hellemans van die Tweede Nederlandse Ambulans van die Rooi Kruis, wat deur die Britte gevange geneem is, is op dieselfde skip teruggestuur na Nederland. Volgens haar het die boot in gewone omstandighede 350 passasiers vervoer.[5] Die derdeklaspassasiers se sop is van seewater gekook en die vleis het, van te lank in die pekel lê, onsmaaklik geword. Die Engelse manier van kosvoorbereiding het ook veel te wense oorgelaat. Suster Hellemans het besluit om ŉ bybetaling te maak en sy is oorgeskuif na die eerste klas, waar die behandeling veel beter was.[6] Daar kan dus aangeneem word dat Engelenburg en Wallach ook in die eerste klas gereis het, aangesien hulle oor genoeg fondse sou beskik het. In Simonsbaai het die skip steenkool ingeneem. Die oorlaai daarvan is sak vir sak deur Engelse soldate gedoen. Die skip het te min steenkool ingeneem, omdat daar veel meer passasiers as gewoonlik was, en teen verminderde snelheid het die boot Sint-Vincent, Madeira, bereik. Die volle duur van die reis tot by Nederland sou ses in plaas van die gewone drie weke duur.[7]

Op 2 Augustus, terwyl die skip nog op pad na Madeira was, is die verjaardag van Emma, die moeder van koningin Wilhelmina, gevier. In Nederland is die dag gewoonlik gevier as ŉ volksfees met beligting in die bosse, musiek en volkspele in die middag. Die Nederlanders op die *Harwarden* het beplan om die dag ook as ŉ algemene feesdag te vier. Volks- en kinderspele is georganiseer en die aand is ŉ feesterrein op die eerste klas se dek ingerig. Daar is gesing en opvoerings gehou en by die sing van die Transvaalse en die Vrystaatse volkslied en die

4 J. Ploeger, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, deel 3, pp. 24:22-24:23.
5 Zuster Hellemans, *Met het Roode Kruis mee in de Boeren-Vrijheidsoorlog*, pp. 213-214.
6 Zuster Hellemans, *Met het Roode Kruis mee in de Boeren-Vrijheidsoorlog*, p. 212.
7 Zuster Hellemans, *Met het Roode Kruis mee in de Boeren-Vrijheidsoorlog*, pp. 212-214.

Wilhelmus[8] het die offisiere hulle hoofbedekkings afgehaal. Versnaperinge is uitgedeel en daarna is gedans.[9] By Madeira aangekom, is die eersteklaspassasiers op algemene versoek toegelaat om in Sint-Vincent aan land gaan. Volgens Zuster Hellemans wou die meeste dames eers die volgende oggend die stad besoek, maar as gevolg van ŉ paar manspassasiers wat die reëls oortree het, is die besoek die volgende oggend nie toegestaan nie.[10] Die mans wat die reëls oortree het, was waarskynlik Engelenburg en Wallach, wat besluit het om op Madeira agter te bly. Dit was waarskynlik die rede waarom hulle nie die kaptein van die skip gegroet het nie. Die *Harwarden* het sonder hulle na Nederland vertrek. Op Madeira het die twee vriende sowat ses weke vertoef voordat hulle ŉ boot gekry het om hulle na Lissabon te neem, waar hulle ŉ ruk lank in die Continental Hotel tuisgegaan het. Daarna het hulle na Parys gegaan, waar Engelenburg dr. Leyds ontmoet het.[11] Van daar is Engelenburg en Leyds na Hamburg in Duitsland.

**Engelenburg en Leyds in Europa**

Die vraag ontstaan wat hulle in Duitsland gaan doen het. Tydens die Anglo-Boereoorlog was Leyds se grootste verantwoordelikheid en die saak wat hom die meeste bekommer het, die beheer van die ZAR se finansiële bates in Europa. Dié bates is by Labouchere Oyens & Kie, die ZAR se bankiers in Europa, belê. Niemand kon voorsien hoe lank die oorlog sou duur nie en Leyds moes sorg dra dat die fondse nie uitgeput raak nie. Die bates moes met die grootste versigtigheid hanteer word, want gedurende die oorlog is die fondse nooit uit Suid-Afrika aangevul nie. Leyds moes inteendeel gedurig uitbetalings doen. Uitbetalings moes onder andere gedoen word vir die lopende uitgawes van die gesantskap en konsulate, propaganda, die ZAR se rekeninge by die wapenfabrieke, en so meer. Vanselfsprekend moes die finansies van die ZAR en al die transaksies ten strengste geheim gehou word. Die Britse regering moes nooit weet hoe sterk of swak die finansiële toestand van die republieke was nie.[12]

---

8 Die Wilhelmus is die Nederlandse volkslied. Die Wilhelmus weerspieël Willem van Oranje se tweestryd insake die opstand in die Nederlande. Enersyds probeer hy getrou te wees aan die Spaanse koning, andersyds is hy getrou aan sy gewete om die Nederlandse volk te dien.

9 Zuster Hellemans, *Met het Roode Kruis mee in de Boeren-Vrijheidsoorlog*, pp. 218-219.

10 Zuster Hellemans, *Met het Roode Kruis mee in de Boeren-Vrijheidsoorlog*, pp. 219-220.

11 I. Wallach, "Die volmaakte 'gentleman': ter gedagtenis aan my groot en getroue vriend" in I. Wallach (red.), *Die volmaakte 'gentleman'*, p. 7.

12 L.E. van Niekerk, *Kruger se regterhand: ŉ biografie van dr. W.J. Leyds*, pp. 268-269.

In Junie 1900 het Labouchere Oyens & Kie, die ZAR se bankiers in Europa, sonder enige voorafgaande mededeling eensklaps geweier om Leyds se verdere opdragte in verband met uitbetalings uit te voer. Hulle het vir die eerste keer sedert die ZAR 'n gevolmagtigde gesant gehad het, 'n skriftelike bewys geëis dat dr. Leyds wel deur die ZAR gemagtig was om oor die fondse te beskik. Leyds het die toedrag van sake aan die drie Boere-afgesante wat toe in die VSA was,[13] getelegrafeer en hulle ook gewys op die gevaar dat die bankiers op grond van die een of ander proklamasie van lord Roberts die ZAR se fondse wat by hulle belê was, aan die Britse regering kon oordra. Om dit te verhoed, was dit nodig dat die fondse onttrek en oorgedra word aan iemand wat die groep afgevaardigdes moes aanwys.[14] Die drie Boere-afgesante het aan Leyds getelegrafeer dat hy so spoedig moontlik al die ZAR se bates by Labouchere Oyens moes opvra en dit by 'n betroubare Franse bank deponeer. Die reëlings is aan Leyds oorgelaat.[15]

Op 24 Julie 1900 het die Uitvoerende Raad van die ZAR by Waterval-Onder kajuitraad gehou oor die middele wat aangewend kon word om te verhoed dat, al sou die Britte die oorlog wen, die Afrikanerdom sy identiteit verloor en vernietig word. Drie besluite is gevolglik geneem: Eerstens is Leyds gemagtig om alle gelde in Europa en Brittanje wat aan die ZAR behoort het, op te eis en van skuldenaars en depositarisse in te vorder. Hy moes alle aandele, middele en bates verkoop, verhandel, realiseer of verpand. Ten tweede is besluit dat Leyds gemagtig word om al die bates op sy eie naam en krediet te plaas en ter beskikking van die regering te hou en dat hy die geld ná die oorlog sonder versuim op naam en krediet van 'n benoemde kommissie moes plaas. Die derde geheime besluit was dat indien die Britte die twee Boererepublieke verower, 'n kommissie benoem moes word om oor alle finansiële bates van die ZAR te beskik.[16] Deur hierdie drie raadsbesluite is die groot verantwoordelikheid op Leyds se skouers geplaas om die buitelandse bates van die ZAR persoonlik te beheer en oordeelkundig aan te wend vir die onvoorspelbare duur van die oorlog. Die besluite is onderteken deur S.J.P. Kruger

---

13 Die afgesante was A. Fischer (1850-1913), die leier van die groep, C.H. Wessels (1851-1924) en A.D.W. Wolmarans (1857-1928).

14 W.J. Leyds, *Derde verzameling: correspondentie 1900,* deel I, no. 136, W.J. Leyds – Deputatie te Cleveland, Ohio, 02.06.1900, p. 134.

15 W.J. Leyds, *Derde verzameling: correspondentie 1900*, deel I, no. 152, W.J. Leyds – Deputatie te Cleveland, Ohio, 03.06.1900, p. 147.

16 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 178, Geheime besluite van die Uitvoerende Raad van die ZAR, 24.07.1900.

(staatspresident), F.W. Reitz (staatsekretaris), S.W. Burger (lid uitvoerende raad), L.J. Meyer (lid uitvoerende raad) en L.J. Jacobsz (assistentstaatsprokureur).[17] Bogenoemde besluite is reeds aan die einde van Mei 1900 voorlopig geneem en is op 24 Julie amptelik bevestig. Reeds op 29 Mei 1900 het die staatsekretaris in Pretoria via die ZAR se konsul-generaal in Mosambiek, G. Pott, die voorlopige besluit van die Uitvoerende Raad per brief aan Leyds in Brussel deurgegee. Dit is aan Leyds opgedra om alle sekuriteite van waarde, spoorwegaandele en dies meer wat aan die regering behoort het, onmiddellik te realiseer en die opbrengs daarvan in sy eie naam te belê. Die fonds sou later op instruksie van die ZAR-regering of van die president persoonlik op naam van ŉ gesamentlike kommissie geplaas word as ŉ nasionale fonds ter bevordering van die Afrikaanse saak.[18]

Leyds het ŉ klein bedrag in die ZAR se rekening by die firma Labouchere Oyens en Kie gelaat en die origе fondse en effekte getrek om elders te belê. Die onttrekking van die fondse en Leyds se magtiging was net betyds. Lord Roberts het die anneksasie van die ZAR formeel geproklameer en op 10 September 1900 het Joseph Chamberlain vir Labouchere Oyens skriftelik daarvan in kennis gestel en geëis dat al die ZAR se bates by die bank bevries word. Hy het die bank gelas om verslag te doen van al die bates van die voormalige regering van die ZAR en gewaarsku dat daar geensins daaroor beskik kon word sonder Britse goedkeuring nie.[19] Leyds het dit nie wenslik geag om al die fondse op sy naam by een bank te deponeer nie. Hy het die fondse onderverdeel en dit met die hulp van ŉ paar vertrouelinge by verskillende banke belê. Ter wille van geheimhouding moes dié persone die fondse onder hulle eie name deponeer. Dit is dan waarom Leyds Engelenburg in Hamburg, Duitsland, ontmoet het. Hy het aan Engelenburg die som van 1 430 426,35 Duitse Mark oorhandig, asook agt effekte van £1 000 elk. Die geld moes Engelenburg in sy eie naam by ŉ paar banke belê.[20] Namens die ZAR het Leyds op 26 Januarie

---

17 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 178, Geheime besluite van die Uitvoerende Raad van die ZAR, 24.07.1900.

18 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 1846, vol. 178, G. Pott, Lourenco Marques – W.J. Leyds, Brussel, 29.05.1900.

19 W.J. Leyds, *Derde verzameling*: c*orrespondentie 1900*, deel I, bylae tot no. 299, J. Chamberlain – Labouchere Oyens & Kie., 10.09.1900, pp. 296-297.

20 NASA, Pretoria, LA, vol. 368, deel II, Rekening en verantwoording, F.V. Engelenburg aan W.J. Leyds, 16.09.1902.

1901 so ŉ ooreenkoms ook met Jacobus Leonardus Cluysenaer (1843-1932)[21] en Cornelis Hendrik Beelaerts van Blokland (1850-1920,[22] albei van Den Haag, aangegaan.[23] Uit daardie geheime fonds sou Leyds in samewerking met die Boereleiers die politieke en kulturele herstel van die Afrikanerdom ná die oorlog finansier.[24]

**Engelenburg in Portugal**

Van Duitsland is Engelenburg weer terug na Amsterdam, waar hy drie tot vier weke vertoef het voordat hy na Lissabon teruggekeer het. Engelenburg het vir die res van die oorlog in Europa ŉ lae profiel gehandhaaf omdat hy veronderstel was om in Engeland aan te meld maar dit nie gedoen het nie. In Desember 1900 het Engelenburg ŉ ruskans geneem en na Konstantinopel (tans Istanboel)[25] en Bulgarye gereis.[26]

In teenstelling met die verwagting was Engelenburg nie een van die leidende figure van die pro-Boer-beweging in Europa nie. Hy het besluit om te bly in Lissabon, waar hy as joernalis werksaam was en ook alle geleentheid kon vind om vir die ZAR te werk. Hy het bevind dat die mense in Portugal "verschrikkelijk onkundig van de ware toestanden" van die oorlog was. Die koue weer in Parys en Amsterdam het hom afgeskrik om soontoe terug te gaan. Hy het gevolglik vir hom ŉ kantoor in Lissabon gekry by die adres 32a Rua do Jasmim,[27] Praça do Principe Real, waar hy as korrespondent vir die *Nieuwe Rotterdammer Courant* opgetree het. W.J. de Kock beweer dat Engelenburg, nadat hy Suid-Afrika verlaat het, hom in 1900 by die personeel van die Algemeen Nederlandsch Verbond se koerant in Nederland aangesluit het en saam met Frederik

---

21 J.L. Cluysenaer was ŉ spoorwegingenieur en stigterslid en direkteur van die NZASM.
22 Cornelis Hendrik Beelaerts van Blokland was ŉ broer van G.J. Th. Beelaerts van Blokland.
23 NASA, Pretoria, LA, vol. 367, deel II, Ooreenkomste met C.H. Beelaerts van Blokland en J.C. Cluysenaar, 26.01.1901.
24 W.J. Leyds, *Derde verzameling: correspondentie 1900*, deel II, bylae FF.1, Eerste geheime Uitvoerende Raadsbesluit, bylae FF.2, Tweede geheime Uitvoerende Raadsbesluit en FF.3, Derde geheime Uitvoerende Raadsbesluit, 24.07.1900, pp. 102-104.
25 Tot 1923 was Istanboel die hoofstad van Turkye. Toe die Republiek van Turkye in 1923 gestig is, het Ankara die hoofstad geword.
26 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Paspoort van F.V. Engelenburg.
27 Engelenburg het telkens die spelling "Jasmin" in sy korrespondensie gebruik, asook op sy briefhoofde, hoewel die korrekte spelling "Jasmim" is.

Rompel daar werksaam was.[28] Volgens argivale bronne was Engelenburg ná sy aankoms in Europa van 1900 tot einde 1901 in Portugal en, soos reeds gemeld, korrespondent van die *Nieuw Rotterdammer Courant*.

Hy het intussen 'n wooneenheid met vier kamers, kombuis, en dies meer, gehuur en dit met net die nodigste gemeubileer. In die hotel waar hy eers tuisgegaan het, was dit byna onmoontlik om te werk. Die besonder netjiese woning het hy vir ses maande gehuur. Dit het in die diplomatieke buurt bo in Lissabon gestaan.[29] Engelenburg het hom daar met resente literatuur van Portugese outeurs besig gehou, volgens hom nie uit "onmiddellike weetgierigheid" nie, maar uit professionele pligsgevoel. Hy wou Portugal goed leer ken en het Portugese romans gelees wanneer hy tyd gekry het.[30] Hy het ook sy tyd bestee aan die skryf van 'n boek in Frans oor Spaanse en Portugese kuns, 'n werk wat hy later aan 'n Belgiese uitgewer verkoop het. Verder het Engelenburg 'n artikel van vyf bladsye geskryf met die titel *De schilderijen-verzameling van Damiaan de Goes*, wat in Januarie 1902 in Lissabon verskyn het. Van Goes was van 1523 tot 1544 'n buitelandse politieke agent vir Portugal se koning Don Johan III.[31]

Lissabon is teen sewe heuwels gebou en op een van die heuwels is die stadsgedeelte Bairro Alto en Principe Real. Gedurende die laat 19de eeu was dit 'n gewilde area vir intellektuele en joernaliste. Die verskillende koerantkantore was veral daar gesetel. Daarom dan dat Engelenburg sy kantoor ook daar gehad het. Om van die onderste gedeelte van die stad die boonste deel te bereik, was en is steeds vermoeiend. Die probleem is aan die einde van die 19de eeu opgelos toe hysbakke op spore[32] op verskillende punte aangebring is om mense boontoe of ondertoe te neem. Engelenburg het waarskynlik "Elevator Gloria" gebruik omdat dit die naaste hysbak is wat hom kon neem na die gebou waar sy kantoor was. Gedurende sy verblyf in Lissabon het hy naby sy kantoor gewoon.

---

28 W.J. de Kock, "Die werksaamhede van dr. W.J. Leyds en die Diplomatieke Korps van die Republieke tydens die oorlog" in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 368.

29 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 09.01.1901.

30 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Lissabon – W.J. Leyds, 09.01.1901.

31 F.V. Engelenburg, "De schilderijen-verzameling van Damiaan de Goes", *Oud-Holland*, 19(4), Januarie 1902, pp. 1-5.

32 Die hysbakke lyk soos klein trems op spore.



Illustrasie 44: Engelenburg in Persiese hofkostuum. Die kostuum het hy waarskynlik bekom toe hy Bulgarye besoek het. Die foto is in Maart 1903 geneem toe hy ná die ABO teruggekom het na Suid-Afrika. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album van Engelenburg.



Gebou waar Engelenburg se kantoor in Lissabon was. Foto: Linda Brink, November 2011.




Illustrasie 45: Bo en onder: Hoek van Rua do Jasmim en Praça do Príncípe Real waar Engelenburg se kantoor was. Foto: Linda Brink, November 2011.



Illustrasie 46: Uitsig oor die stad Lissabon geneem vanaf die stadsgedeelte Bairro Alto en Principe Real waar Engelenburg se kantoor was. Foto: Linda Brink, November 2011.




Illustrasie 47: Engelenburg het waarskynlik "Elevator Gloria" gebruik om bo-op die heuwel te kom waar sy woonplek en kantoor was omdat dit die naaste hysbak was.
Foto: Linda Brink, November 2011.